higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N620**(A)**(N13)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A. (2 × 40 punte)
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B. (3 × 40 punte)
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik ± 35 minute vir elke vraag en vyf minute vir deurlees.
6. Let op die puntetoekenning as riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
7. Begin elk afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord slegs TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 Bestudeer die volgende illustrasie aandagtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE A

Jane Alexander, *Butcher Boys*
Gipsfigure geverf met olieverf, 1986



[Bron:*www.culturebase.net*]
Jane Alexander, *The Butcher Boys*, gipsfigure geverf met olieverf, 1986

1.1.1 Is die figure geïdealiseer, gestileer, figuratief of realisties? Motiveer jou antwoord. (2)

1.1.2 Wat dink jy probeer die kunstenaar met die beeldhouwerk sê? Gee redes vir jou mening. (5)

1.1.3 Dink jy die kunswerk sal meer effektief wees as 'n skildery? Staaf jou antwoord. (3)

1.2

ILLUSTRASIE B	**ILLUSTRASIE C**
	
Bron:*www.visual-arts-cork.com/prehistoric*] Prehistoriese beeldhouwerk, *Venus of Willendorf* kalksteen (26-20000BCE)	Bron:*www.visual-arts-cork.com/sculpture*] Alexandros of Antioch, *Venus de Milo* marmer, (130-100BCE)

1.2.1 Vergelyk illustrasie B en illustrasie C volgens die volgende:

(a) Medium en tegniek
(b) Tekstuur en styl

(2 × 2) (4)

1.2.2 Watter boodskap dink jy word deur elk van die beeldhouwerke oorgedra wat betref die beeld van vroue in elk van die kulture? (4)

1.2.3 Watter kunswerk verkies jy? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.3 **ILLUSTRASIE D**

Maurice Merlin, *Black Legion Widow*
linosnee, 1938



[*art-for-change.com>blog>2013/01*]
Maurice Merlin, *Black Legion Widow*, linosnee, 1936

1.3.1 Watter stemming ('mood') is geskep? Hoe het die kunstenaar dit bewerkstellig? (4)

1.3.2 Hoe dra lyn ('line') tot die emosionele impak van hierdie kunswerk by? (3)

1.3.3 Is die keuse van medium toepaslik vir die onderwerp? Staaf jou antwoord. (3)

Kopiereg voorbehou

4.1 **ILLUSTRASIE E**

Pablo Picasso, *The Old Guitarist*
olieverf op houtpaneel, 1903–1904



[Bron:*www.pablopicasso.org/old guitarist*]
Pablo Picasso, *The Old Guitarist*, olieverf op houtpaneel, 1903–1904

1.4.1 Wat is die stemming ('mood') van die skildery? Hoe is dit geskep? (4)

1.4.2 Wat is die fokus ('focal point') van die skildery? Staaf jou antwoord. (3)

1.4.3 Bespreek die kunstenaar se gebruik van lyn en tegniek. (3)

EN/OF

VRAAG 2

Beantwoord slegs VRAAG 2.1 of VRAAG 2.2

2.1 **PREHISTORIESE KUNS**

2.1.1 Beskryf hoe die prehistoriese mens natuurlike elemente gebruik het om kunswerke te skep. Gee voorbeelde van die materiale en hoe dit benut is. (10)

2.1.2 Bespreek hoe die onderwerp van die kunswerk deur die prehistoriese mens se godsdienstige en mitologiese oortuigings beïnvloed is. (10)

2.1.3 Wat is die verskil tussen 'n petroglief ('petroglyph') en 'n piktogram ('pictograph')? Beskryf EEN voorbeeld van elkeen en sluit die volgende inligting by jou respons in:

(a) Naam van die kunswerk
(b) Gebied waar dit geleë is
(c) Onderwerp
(d) Tegniek

(4 × 5) (20)
[40]

EN/OF

2.2 **VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS**

Bespreek hoe die werk van TWEE uitgeweke ('expatriate') kunstenaars deur die Europese artistieke tradisie beïnvloed is.

Verwys na die stilistiese kenmerke, tegnieke en onderwerpe van elke kunstenaar.

(2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

3.1 Vergelyk die gebruik van vorm in sowel Hindoe- as Islamitiese kunswerk. Bespreek 'n voorbeeld van elkeen om jou antwoord te illustreer. (2 × 10) (20)

3.2 Kies EEN Hindoe-tempel in Suid-Afrika wat jy bestudeer het. Verwys na die beeldhouwerke wat binne en buite die tempel aangetref word. (10)

3.3 Bespreek EEN Islamitiese moskee in Suid-Afrika wat jy bestudeer het. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Bespreek die uitwerking wat geografiese faktore en sosiale strukture op die lewens van die Egiptiese mense gehad het. (5)

4.2 Verduidelik die volgende:

4.2.1 Balseming ('Embalming')

4.2.2 Hiërogliewe

4.2.3 Papirus

4.2.4 Politeïsme ('Polytheism')

4.2.5 Farao

(5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik hoe godsdiens die Egiptiese kuns beïnvloed het wat betref die doel daarvan, ligging van die onderwerpe, en so meer. (5)

4.4 Wat is die 'Rosetta-steen'? Bespreek die belangrikheid daarvan vir die bestudering van die antieke Egipte. (5)

4.5 Die piramide van Cheops ('pyramid of Khufu') is die grootste piramide by Giza.

Bespreek die piramide se argitektuur met betrekking tot die doel van sy konstruksie. (10)

4.6 Bespreek EEN skildery of beeldhouwerk uit die antieke Egipte. (5)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Baie antieke Griekse geboue was tempels om die beelde van spesifieke gode te beskerm. Hulle het uitdrukking gegee aan ideale soos harmonie, balans en eenvoud.

Bespreek hierdie stelling met betrekking tot die Parthenon. (10)

5.2 Verduidelik die volgende:

5.2.1 Ordes ('Orders') (3)

5.2.2 Naos (2)

5.2.3 Entablement ('Entablature') (2)

5.3 Noem VIER tydperke in die antieke Griekse kuns en gee EEN hoofkenmerk van elke tydperk. (8)

5.4 Bespreek die sosiale faktore wat Griekse kuns beïnvloed het. (5)

5.5 Bespreek 'n beeldhouwerk uit Antieke Griekeland wat tipies die Grieke se aangetrokkenheid toon tot die ideale uitbeelding van die menslike liggaam. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Die Romeine het nuwe standaarde gestel met hul argitektuur en ingenieurswese.

Bespreek die innoverende metodes wat hulle gebruik het wat 'n omwenteling in konstruksietegnieke teweeg gebring het. (15)

6.2 Keiser Hadrianus het opdrag gegee dat die gebou 'Die Panteon' aan al die gode opgedra moes word.

Bespreek in besonderhede die argitektuur en konstruksie van hierdie gebou. (15)

6.3 Vir die Romeine het kuns het 'n sosio-politieke doel gedien.

Verwys na 'n spesifieke beeldhouwerk wat jy bestudeer het om hierdie stelling te ondersteun. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS ('ROMANESQUE') EN GOTIES)

7.1 Hoe het godsdiens en sosiale aangeleenthede die kuns van hierdie tydperk beïnvloed? (10)

7.2 Gebrandskilderde vensters was 'n belangrike aspek van Gotiese argitekuur.

Bespreek die belangrikheid daarvan met betrekking tot:
- Metode en tegniek
- Plasing
- Kleur en effek (10)

7.3 Een van die beste voorbeelde van Gotiese argitektuur is die Chartres-katedraal.

Bespreek die stilistiese kenmerke van hierdie hierdie katedraal, of van enige ander katedraal wat jy met betrekking tot Gotiese argitektuur bestudeer het. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1 Bespreek hoe die rol van die kunstenaar vanaf die Middeleeue tot die Renaissance verander het. (5)

8.2 Die Renaissance kan in DRIE tydperke onderverdeel word.

Noem 'n beroemde kunstenaar uit elke tydperk. (3)

8.3 Noem VYF faktore wat tot die ontwikkeling van die Renaissance gelei het. (5)

8.4 Analiseer in besonderhede EEN skildery wat die kenmerke van die Hoë Renaissance ('High Renaissance') die beste weergee. (10)

8.5 Kies 'n beeldhouwerk uit die Hoë Renaissance en verwys na die volgende:

8.5.1 Naam van die kunstenaar en titel van die kunswerk

8.5.2 Materiaal en tegniek

8.5.3 Komposisie

8.5.4 Kenmerke (10)

8.6 Bespreek EEN skildery uit die Maniërisme-beweging ('Mannerism movement') wat jy bestudeer het. Sluit die stilistiese kenmerke van die beweging by jou bespreking in. (7)

[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROK-KUNS

Barok-kuns is daarvoor bekend dat drama, beweging en ruimte beklemtoon word.

Bespreek die stilistiese en ikonografiese kenmerke van Barok deur na die werke van TWEE van die volgende kunstenaars te verwys:

9.1 Michelangelo Merisi da Caravaggio

9.2 Gian Lorenzo Bernini

9.3 Peter Paul Rubens

9.4 Rembrandt van Rijn

9.5 Enige ander Barok-kunstenaar wat jy bestudeer het.

(4 × 10) **[40]**

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEO-KLASSISISME EN REALISME

10.1 Bespreek die sosio-politieke faktore wat die ontwikkeling beïnvloed het van die DRIE bewegings aangedui in die vraag se opskrif. (10)

10.2 Bespreek EEN kunswerk uit ELK van die bewegings aangedui in die vraag se opskrif. Sluit onderwerpe, komposisie, kleur, tegniek en invloede by jou bespreking in.

(3 × 10) (30)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou